# Nederduitse Gereformeerde Kerk Windhoek-Oos
## Dutch Reformed Church Windhoek East

Tel: (+264) 61 234 885
Faks: (+264) 61 245 209

Posbus 11316, Windhoek
e-pos: ngkoos@iafrica.com.na


### NOMINASIE as kerkraadslid

Naam van genomineerde: ……………………………………………………………………………………………………

Kontakbesonderhede:

……………………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………………

Genomineer deur: ……………………………………………………………………………………………………………

Kontakbesonderhede:

……………………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………………

**Neem asb kennis:**

- Slegs belydende lidmate van die NG Kerk Windhoek-Oos mag as kerkraadslid genomineer word.
- Slegs belydende lidmate van die NG Kerk Windhoek-Oos mag iemand as kerkraadslid nomineer.
- Verantwoordelikhede van kerkraadslede in hierdie gemeente en prosedure van verkiesing verskyn agterop hierdie nominasievorm.
- Hierdie nominasie kom nie neer op 'n ooreenkoms dat die genomineerde beslis tot die kerkraad verkies sal word nie.
- Die kerkraadsvergadering waar hierdie nominasie sal dien, vind plaas op ……………………………
- Voltooide nominasievorms moet asseblief die kantoor bereik voor of op die Vrydag wat die kerkraadsvergadering vooraf gaan.

Handtekening (genomineerde): ………………………………………………………………………………………

Datum: ………………………………………………………………………………………………………………………


Hendrik Koekemoer, Tel 081 127 0917, hendrikk@iway.na
Maretha Nortje (Administratiewe Beampte), Tel +264 81 617 8633, kantoor@ngkerkwindhoekoos.com

## Kerkraad – Roeping (Taakomskrywing)

(Sien gerus ook Namibiese bepalings 15, 16, 26, 27, 28 [2016] by die kerkorde [2015]. Die taakomskrywing hieronder word geag in lyn te wees met hierdie bepalings. Kontak asseblief vir Hendrik Koekemoer [kerkraadsvoorsitter] indien enigiets nie heeltemal duidelik is nie.)

1. Bepaal die roeping van die gemeente, die pad waarop ons glo die Here die gemeente roep.
    a. Dit beteken:
        i. Die lees van die Bybel en luister na God speel 'n bepalende en belangrike rol in alles wat die kerkraad doen … dus veral by kerkraadsvergaderings.
        ii. Ons gee spesifieke aandag aan die kerkraad as groep se verhouding met God en kerkraadsvergaderings is 'n geleentheid waar ons identiteit as mense van God versterk en gevier word.
        iii. Die kerkraad as groep sowel as indiwiduele kerkraadslede lééf, beliggaam die roeping van die gemeente. Ons maak dus nie planne vir ánder mense om uit te voer nie, maar stap self op die pad waarop ons glo die Here ons roep. Die kerkraad "loop dus voor".
2. Kontroleer die gestaltegewing van die roeping in die lewe van die gemeente (deur die werk van diensgroepe en aksies in en van die gemeente en die lewe en werk van vaste personeel van die gemeente). Hierdie "kontrole" word verstaan as versterkend, opbouend, ondersteunend.
3. Bid vir die gemeente (tree vir die gemeente in by God).
4. Is verantwoordelik vir alle sake rakende lidmaatskap van die gemeente.
5. Hou ten minste 4 gewone kerkraadsvergaderings per jaar en woon hierdie vergaderings getrou by.

## Ander reëlings

(Sien gerus ook Namibiese bepalings 15, 16, 26, 27, 28 [2016] by die kerkorde [2011]. Die reëlings hieronder word geag in lyn te wees met hierdie bepalings. Kontak asseblief vir Hendrik Koekemoer [kerkraadsvoorsitter] indien enigiets nie heeltemal duidelik is nie).

1. Kerkraadslede word verkies op 'n gewone of buitengewone vergadering van die kerkraad. Nominasie vind plaas deur enige belydende lidmaat van die NG Kerk Windhoek-Oos.
2. Ná verkiesing word verkosenes so spoedig as moontlik van die verkiesing in kennis gestel en antwoord hulle skriftelik (e-pos is in orde) binne 8 dae nadat hulle kennis gekry het.
3. Verkosenes se name word op twee Sondae aan die gemeente bekendgemaak vir kommentaar.
4. Kerkraadslede word vir 'n termyn van 3 jaar aangewys. Daarna mag hulle herkies word, maar moet dan weer bevestig word. Die beginsel van beide kontinuïteit en afwisseling word nagestreef wanneer kerkraadslede verkies word.
5. Verkose kerkraadslede word so gou as moontlik nadat hulle die verkiesing aanvaar het tydens 'n erediens bevestig op 'n datum soos op die Jaarprogram aangebring. Dienstermyne begin amptelik op die datum van bevestiging.
6. Bedanking uit die kerkraad word skriftelik en met opgaaf van redes gedoen. Waar 'n kerkraadslid uit sy/haar amp bedank voordat die termyn uitgedien is, bly die betrokkene in sy/haar amp totdat die bedanking deur die kerkraad aanvaar is.
7. Slegs belydende lidmate van die NG Kerk Windhoek-Oos kan op die kerkraad dien.

Hendrik Koekemoer, Tel 081 127 0917, hendrikk@iway.na
Maretha Nortje (Administratiewe Beampte), Tel +264 81 617 8633, kantoor@ngkerkwindhoekoos.com